80ste uitgawe
Onafhanklike, Afrikaanse inhoud in elke huis.
# Nuusweek
Pretoria FM
Laai af en deel op al jou WhatsApp-groepe
Nommer 80, Jaargang 2 21 Augustus 2026 www.pretoriafm.co.za



# WAT MARCH OOM KALLIE DAAR?

Wat is die kanse vir koalisies? 02
Meisies én seuns boelie aanlyn 05
Inflasie: Bietjie goeie nuus 06
Doogz vier mylpaal teen NS 28



SPESIALE AANBOD
PRYSE GELDIG vanaf Maandag 24 Augustus 2026 tot Saterdag 5 September 2026
THERON'S
THERON`S SE WEEKLIKSE WINSKOPE SIT WIP IN JOU STAP!

ECONO HAMBURGER PATTIES
2 kg verseëlde verpakking
WINSKOOP PRYS R99.00 per 2kg
Gewone prys R159.50 per 2 kg
JY SPAAR R59.60 per 2kg!

THERON'SCHAKALAKA RUSSIESE WORSIES
WINSKOOP PRYS R249.90 per 5 kg
Gewone prys R336.00 per 5 kg
JY SPAAR R86.10 per 5kg!

185 Charlotte Maxeke Straat Pretoria Wes WHATSAPP +27760770437

# AfriForum en March and March deel verskeie standpunte

*Redaksie*

Die stigter van March and March, Jacinta Ngobese-Zuma, en die uitvoerende hoof van die burgerregteorganisasie AfriForum, Kallie Kriel, het die afgelope week tydens 'n vergadering 'n strategiese alliansie tussen die twee organisasies gevorm om, luidens 'n gesamentlike verklaring, die regering se tekortkominge op gemeenskapsvlak aan te pak.

Die vergadering het die grondslag gelê vir 'n raamwerk waarvolgens die organisasies kan saamwerk oor nasionale kwessies soos gemeenskapsveiligheid, onderwys, grensbeheer, regsake en misdaad.


Kriel het tydens 'n onderhoud op Pretoria FM se middagaktualiteitsprogram, Impak, aan Esté Gross gesê hoewel daar persone in die politieke elite is wat Afrikaners se regte minag en reken dat Afrikaners nie inheems aan Afrika is nie, dit vir AfriForum belangrik is om verhoudings met moontlike bondgenote op grondvlak vorm.

"80% van die mense in die land is nie die mense wat polarisasie wil hê nie, en hulle is ook nie die mense wat ons nie 'n plek hier gun nie."

Kriel sê verder dat die enigste manier waarop mense hulle teen staatsverval kan buffer, is deur gemeenskappe te vorm wat self verantwoordelikheid vir die toekoms neem.



Kallie Kriel



Jacinta Ngobese-Zuma

"Ons almal is keelvol vir wetteloosheid, vir misdaad, en ek dink hierdie ooreenkoms bied die grondslag om gesamentlik druk uit te oefen teen wetteloosheid in die land."

Kriel sê die gesprek met March and March het op gedeelde belange gefokus.

"Die gedeelde belange is dat die grense in die land poreus is. Ons weet daar word allerhande onwettighede ingevoer en daar is wetteloosheid. En as jy gaan toelaat dat daar wetteloosheid is, gaan dit net die wetteloosheid op ander terreine versnel."

Kriel sê verder dat hulle wil sien dat mense wette gehoorsaam, wat insluit wette oor immigrasie.

"As mense onwettig in die land is, oortree hulle die wet en moet die wette toegepas word."

Kriel sê verder dat AfriForum en March and March ook beide sterk voel oor gesinswaardes en kwessies soos moedertaalonderrig.

AfriForum en March and March het 'n werkskomitee aangewys wat ten doel het om gemeenskapsprojekte te vestig en die moontlikheid van regsaksies te ondersoek waar die regering hulle pligte versuim. **N**

# Koalisies in al die metro's verwag

*Seugnet van Zyl*

Dit is tans nog geen uitgemaakte saak dat die DA in Tshwane, Johannesburg en Kaapstad sal regeer nie.

"Hoewel meningspeilings positief wys op steun vir die DA en selfs die VF+, sal die volgende maande bepalend wees," verduidelik prof André Duvenhage, politieke ontleder aan die Noordwes-Universiteit se Potchefstroomkampus.

Die Social Research Foundation se jongste peiling wys dat die DA landwyd 30% steun het, terwyl die ANC se steun tot 37% gedaal het. Luidens die peiling het die DA 42% steun in Johannesburg en 43% in Tshwane.

Tog sê Duvenhage die DA moet nie te vroeg 'n oorwinning in Tshwane of Johannesburg vier nie.

Hy benadruk dat koalisie-regerings in al die metro's in die land sal seëvier.



Prof André Duvenhage

"Die werklikheid van koalisiepolitiek in die meerderheid van plaaslike regerings landwyd en in die besonder in al die metropole is 'n uitgemaakte saak. Die vraag is wie die vermoë het om 'n meerderheidskoalisie saam te stel."

Volgens Duvenage het die linkergroepering, wat die uMkhonto weSizwe-party (MK), EFF en die Suid-Afrika Kommuniste Party (SAKP) insluit, waarskynlik 'n beter kans om 50% plus 1% te kry as 'n kombinasie van slegs die DA en die VF+ in Tshwane. Duvenhage verduidelik dat dit nie 'n oortuigende oorwinning vir die sogenaamde linkses sal wees nie. Dit sal

*Na bladsy 3*

## Koalisies in al die metro's verwag (vervolg)

*Van bladsy 2*

volgens hom 50/50 of 45/55 wees.

Cilliers Brink verteenwoordig die DA in Tshwane as burgemeesterskandidaat en Willie Spies die VF+.

Brink sê sy party maak nie nou al koalisiepraatjies nie en is optimisties oor die DA se steun in Pretoria.

"Peilings lyk goed, maar die stryd is nog nie gewen nie. Ons het 'n tak in elk van die 107 wyke, maar ons is nie selftevrede nie. Ons moet eers die ANC en sy meeloperpartye uitoorlê. Ons kan nie koalisiekuikens begin tel voordat verkiesingseiers uitgebroei het nie."

Spies sê die VF+ sal beslis die hoofstad saam met die DA regeer.

"Ons het dit reeds gedoen en is daartoe verbind om dit weer te doen. Koalisies word tussen partye gesluit en nie tussen individue nie. Die VF+/DA-koalisie wat ná 4 November in Pretoria gaan regeer, gaan die beste wees wat die hoofstad in 26 jaar gesien het. Ons sal daarvoor sorg."



Willie Spies



Cilliers Brink

Duvenhage sê daar is een groot wetmatigheid wat mens nooit moet vergeet met verkiesings nie.

"Ons stem demografies. Ons stem ingevolge ras- en kultuursensusse. Die DA se vermoë om daardie patroon te breek, is net nie sterk genoeg nie."

Daarom meen hy dat Helen Zille ook nie outomaties die Goudstad sal regeer nie.

"Demografie is aan ander partye se kant. Wat aan die DA se kant is, is die groot ontevredenheid van swart kiesers. Die feit dat hulle toenemend verdeel word en die moontlikheid dat daar 'n lae stemopkoms gaan wees, kan in die DA se guns werk."

Wat volgens Duvenhage in Zille se guns tel, is haar X-faktor en groot ervaring met koalisiepolitiek.

In Kaapstad is die PA die grootste uitdaging vir die DA sê Duvenhage.

"Die ANC gaan 'n faktor wees (in die Kaap), maar hy is al vir 'n geruime tyd gereduseer tot 'n kleiner party. Die DA behoort hulle leierskapsposisie te behou in Kaapstad met die steun van kleiner partye." **N**

# Burke nog posisies kwyt

***Redaksie***

Die DA se hoof van finansies, dr. Mark Burke, het uit sy toesighoudende rolle op twee belangrike parlementêre komitees bedank, te midde van 'n ondersoek deur die Reserwebank na 'n maatskappy waarvan hy medestigter is.

Die Reserwebank het die rekeninge van die fintech-maatskappy Kastelo gevries, nadat die maatskappy glo nagenoeg R4 miljard uit Suid-Afrika oorgeplaas het vir kriptohandel.

Die Reserwebank ondersoek moontlike oortredings van Suid-Afrika se valutabeheerregulasies.

Burke ontken enige oortreding en sê hy het hom reeds van Kastelo gedistansieer.

Die DA se federaleraadsvoorsitter, Ashor Sarupen, sê Burke het vrywillig van sy parlementêre finansiële rolle afstand gedoen nadat die moontlike botsing van belange ernstig oorweeg is.

Die DA het Burke ook as die party se parlementêre woordvoerder oor finansies onthef en hom van alle finansiële komitees verwyder.

Volgens die DA-hoofsweep, George Michalakis, dien die besluit as 'n voorsorgmaatreël om enige botsing van belange te vermy.



Dr. Mark Burke

Burke, wat twee jaar gelede as voorsitter van Kastelo bedank het, ontken enige oortredings en beklemtoon dat geen hof hom skuldig bevind het nie. Die DA-LP Kingsley Wakelin sal voortaan as die party se woordvoerder oor finansies optree. **N**



# 3000 kruise moet krisis onignoreerbaar maak





Dr. Ernst Roets

***Redaksie***

"Ons dink dat dit 'n besonder treffende manier is om die krisis in Suid-Afrika onignoreerbaar te maak."

So antwoord dr. Ernst Roets, uitvoerende direkteur van Lex Libertas, op 'n vraag waarom hulle juis besluit het om kruise in die National Mall in Washington, D.C. te plant.

Lex Libertas en die New York Young Republican Club (NYYRC) is van voorneme om op 26 September vanjaar 3 000 wit kruise ter nagedagtenis aan slagoffers van plaasmoorde in Suid-Afrika op die grasperk in die Mall op te rig.

Roets het aan Nuusweek gesê dat hulle spesifiek op kruise besluit het weens president Cyril Ramaphosa se reaksie op die vertoon van die Witkruismonument in Suid-Afrika tydens 'n ontmoeting met president Donald Trump van die VSA.

"Dit is in reaksie op die aggressiewe ontkenning van die bestaan van daardie monument in die Suid-Afrikaanse en ook in die Amerikaanse media. Dat dit nie regtig mense verteenwoordig nie of selfs nie eers regtig bestaan nie."

Lex Libertas is ook van voorneme om die name van die slagoffers van plaasmoorde op die kruise aan te bring en slagoffers van plaasaanvalle na die VSA saam te neem.

Roets stem nie saam met diegene wat reken dat Suid-Afrika nie nog negatiewe publisiteit nodig het nie.

"In 'n sin het Suid-Afrika nóg negatiewe publisiteit nodig. Of dan ten minste die Suid-Afrikaanse regering. Dit baat ons niks om net te praat oor probleme en te sê 'kyk hoe sleg gaan dit' nie. Jy kan nie regtig by 'n oplossing uitkom as jy nie bewustheid van die probleem het nie."

Roets sê hulle doel is nie om negatiewe publisiteit te skep nie, maar die probleem te ontbloot op 'n manier wat nie geïgnoreer kan word nie sodat daar oplossings daarvoor gevind kan word.

Hy sê aanhitsing tot geweld, rassewetgewing in Suid-Afrika en die bedreiging van eiendomsreg is ook op die agenda. **N**






# MEISIES EN SEUNS EWE BETROKKE BY KUBERAFKNOUERY




*Redaksie*

Twee derdes van tieners wat as deel van 'n navorsingsprojek aan die Universiteit Stellenbosch ondervra is, was by kuberafknouery betrokke. Dit het 19,9% ingesluit wat slegs slagoffers was, 6,7% wat ander slegs aanlyn geboelie het en 37,3% wat kuberafknouery ondervind én self gepleeg het. Meisies (65,1%) en seuns (62,6%) se betrokkenheidskoerse was feitlik dieselfde.

Die navorsingstudie, wat deur Camryn Twaddle van Artefact Suid-Afrika en prof Daniel le Roux van die Departement Inligtingswetenskap aan die Universiteit Stellenbosch onderneem is, het bevind dat kuberafknouery nie net tieners se emosionele welstand kan beïnvloed nie, maar ook hulle motivering en akademiese prestasie. Hulle het leerders van vyf hoërskole in meer welgestelde gemeenskappe (kwintiel 5-skole, wat skoolgelde hef) ondervra. Hul bevindinge het onlangs in die *South African Journal of Information Management* verskyn. Dié bevindings sluit in dat voorkoming- en ondersteuningstrategieë nodig is wat die ontwikkelingsfase van tieners, die verskillende sosialemediaplatforms wat hulle gebruik, asook die sosiale druk wat hulle aanlyn ondervind, in ag neem.

Volgens die studie is die algemeenste gedrag wat deur diegene gemeld is wat erken het dat hulle ander geboelie het, om geheime sonder toestemming te deel, iemand te beledig en om boodskappe te stuur wat iemand in die verleentheid bring of seermaak. Meisies het aangedui dat hulle beledig is en gerugte oor hulle versprei is, terwyl seuns meer geneig was om aan te dui dat hulle ander aanlyn gedreig het en onvanpaste foto's en/of video's van ander sonder hulle toestemming gedeel het.

Volgens die navorsers dui dit daarop dat tieners dikwels kuberafknougedrag ondervind en meer dikwels self kuberafknouery pleeg wat emosioneel gedrewe en impulsief is en min beplanning of tegniese vaardigheid verg, eerder as die soort afknouery wat volgehoue moeite en beplanning verg.

Die meeste van die kuberafknouery het op TikTok, Instagram en Snapchat plaasgevind.

Die navorsing wys verder daarop dat die persentasie tieners wat aangedui het dat hulle by kuberafknouery betrokke was, afgeneem het namate hulle na hoër grade beweeg het. Ongeveer driekwart van die graad 8-leerders het aangedui dat hulle by 'n vorm van kuberafknouery betrokke was, in vergelyking met ongeveer die helfte van graad 12-leerders. Die navorsers sê dat die hoër koers van kuberafknouery onder graad 8-leerders kan wees omdat hulle nog besig is om by die hoërskool aan te pas en eers onlangs begin het om sosiale media te gebruik, wat hulle sosiaal én aanlyn meer kwesbaar maak. Hulle mag moontlik ook kuberafknouery as 'n manier sien om deur sekere eweknieë aanvaar te word en hulle sosiale status te verbeter.

Die navorsers het ook bevind dat betrokkenheid by kuberafknouery met sekere aspekte van tieners se welstand en akademiese prestasie verband hou. Tieners wat direkte kuberafknouery ondervind het, het laer vlakke van geluk en deursettingsvermoë aangedui en was geneig om akademies nie so goed te vaar nie.

Die navorsers sê dit is belangrik om kuberafknouery in ag te neem wanneer leerders se akademiese probleme hanteer word, selfs al lyk dit of hulle andersins goed vaar. **N**



# Inflasie verlangsaam tot 4,3% in Julie

***Redaksie***

Suid-Afrika se inflasiekoers het in Julie tot 4,3% verlangsaam, teenoor 5% in Junie.


Statistiek Suid-Afrika sê laer kos- en brandstofpryse het die grootste bydrae tot die daling gelewer.

Kospryse het met net 0,9% gestyg, die laagste in meer as 16 jaar sedert Junie 2010, toe dié koers 0,7% was. Dit terwyl behuising en nutsdienste 5,2% duurder geword het.

Vervoerinflasie het egter steeds hoog gebly op 8,9%.

Kenners waarsku dat hernieude spanning tussen die Verenigde State en Iran oliepryse weer kan laat styg, terwyl 'n moontlike El Niño-weerverskynsel ook voedselpryse kan beïnvloed.

Prof Raymond Parsons van die Noordwes-Universiteit sê die inflasiesyfer vir Julie is goeie nuus vir sakeondernemings en verbruikers wat inflasie betref, en help om verwagtinge vir die medium termyn te stabiliseer.



*Prof Raymond Parsons*

"Die konsensus onder ontleders was dat, hoewel die wêreldwye energiekrisis vroeër in 2026 tot 'n tydelike styging in hoofinflasie sou lei, die uitwerking daarvan later in die jaar geleidelik sou afneem. Kerninflasie het egter effens tot 4,2% gestyg, wat daarop dui dat prysdruk hardnekkig bly. Die Monetêre Beleidskomitee (MBK) se standpunt van "hoër rentekoerse vir langer" sal waarskynlik nou eers gehandhaaf word, maar dit is nou moontlik dat die MBK tydens sy vergadering aan die einde van September die inflasievooruitsigte en inflasieverwagtinge as hanteerbaar binne sy teikenreeks van 2% tot 4% sal beskou."

Parsons sê in daardie geval is daar 'n goeie kans dat rentekoerse weer onveranderd gelaat sal word, maar dat die MBK verskeie opeenvolgende maande van laer inflasie sal wil sien voordat hy tot monetêre verligting oorgaan.

"Die MBK moet buigsaam bly in sy besluitneming oor monetêre beleid, gegewe 'n ekonomie wat in die eerste kwartaal van 2026 met 0,5% gegroei het, 'n ambivalente beleggingsvooruitsig weerspieël en 'n werkloosheidsyfer van 33,6% het." **N**





# 900 besighede reeds vanjaar bankrot

*Walter Ernst*

Byna 900 plaaslike ondernemings en individue het vanjaar reeds bankrot gespeel, nadat 'n verdere 143 insolvensies in Julie aangemeld is.

Volgens Statistieke Suid-Afrika (SSA) se jongste verslag is dit 'n skerp styging van 134% sedert Junie.

Ondernemings wat bankrot verklaar is, het egter op 'n jaargrondslag met meer as 15,5% gedaal.


Bankrotskap dui op die finansiële toestand waarin 'n persoon of onderneming nie aan hulle skuldverpligtinge kan voldoen nie, wat tot 'n finale sekwestrasie deur 'n hofbevel lei.

Hoewel bankrotskap en likwidasies nou verwant is – aangesien bankrotskap dikwels die regstreekse aanleiding tot die likwidasie van 'n maatskappy of regsentiteit is – is die twee regsbegrippe nie sinoniem nie.

SSA het in April 2023 die samestelling van syfers oor bankrotskap gestaak weens vertragings in datavloei wat veroorsaak is deur 'n kuberaanval in 2021 by die Departement van Justisie en Staatkundige Ontwikkeling.

SSA het 245 likwidasies in Junie vanjaar aangeteken.

**Figuur 1 – Aantal insolvensies: jaar-op-jaar persentasieverandering**




Suid-Afrika het in 2023 die ergste beurtkrag ooit ervaar, wat die ekonomie as geheel geknou het. Gedurende 2024 het die land steeds onder beurtkrag gebuk gegaan, hoewel dit minder voorgekom het, en politieke onsekerheid rondom die Nasionale Verkiesing deurstaan.

2025 is gekenmerk deur groter plaaslike stabiliteit, met 'n merkbare verbetering in binnelandse ekonomiese toestande en sentiment. Nietemin het die Trump-administrasie se tariefbeleid en die gerigte fokus op Suid-Afrika steeds 'n demper geplaas.

| Jaar | Likwidasies | Insolvensies |
|---|---|---|
| 2023 | 2 501 | 1 883 |
| 2024 | 2 626 | 2 105 |
| 2025 | 2 904 | 1 606 |
| 2026 tot Julie (Junie) | Nog nie bekend nie (1 361) | 896 (753) |

SSA meen dat die afwaartse jaartendens op 'n markklimaat dui wat herstel en groeiende beleggersvertroue ná jare se hewige ekonomiese druk.

Daar word tog gewaarsku dat gereelde likwidasie van maatskappye steeds 'n aanduiding van uitdagende handelstoestande is.

Oor die afgelope jare heen is die land gekenmerk deur 'n patroon van trae ekonomiese groei, 'n hoë werkloosheidsyfer en 'n wesenlike vertraging in die implementering van politieke hervormings ter versterking van die ekonomie. **N**



# Helen Joseph-hospitaal sluit sy ongevalle-eenheid

*Marelize Maré*

Die DA in Gauteng sê die sluiting van die ongevalle-eenheid by Helen Joseph-hospitaal in Johannesburg stel pasiënte se lewe in gevaar.

Volgens die party word pasiënte aangeraai om eerder ander hospitale te besoek omdat daar glo 'n tekort aan mediese personeel is.

Die DA beweer sommige dokters werk sedert April sonder kontrakte of betaling, terwyl minstens twee dokters reeds die hospitaal verlaat het.

Die party doen 'n beroep op Gauteng se Gesondheidsdepartement om die personeel- en kontrakprobleme dringend op te los.

Die DA sê 'n tekort aan personeel behoort nie daartoe te lei dat pasiënte noodbehandeling ontsê word nie. **N**




*Helen Joseph-hospitaal ongevalle-eenheid*

# Zambië: Opposisieleier gaan uitslag in hof uitdaag

*Redaksie*

Die Zambiese president, Hakainde Hichilema, is vir 'n tweede termyn verkies nadat hy meer as 60% van die stemme op hom verenig het. Sy sterkste opponent, Brian Mundubile, het 38% van die steun in die onlangse verkiesing gekry, terwyl die oorblywende 12 kandidate ver agtergeloop het. Daar is ongeveer vyf miljoen stemme in die afgelope verkiesing uitgebring.



*Brian Mundubile*

Mundubile sê egter sy party, die Nasionale Versoeningsparty vir Eenheid en Voorspoed (NRPUP) beskik oor bewyse dat daar ongerymdhede met die verkiesingsproses was en dat hulle die verkiesingsuitslag gaan betwis.

"Ons beskik oor bewyse. Ons het rekords. Ons het gedokumenteer wat ons kon soos gebeure ontvou het. Ons sal nou daardie bewyse aan die toepaslike regsinstellings voorlê en elke wettige weg volg wat tot ons beskikking is, binne die voorgeskrewe tydperk."

Die NRPUP het tydens die verkiesing aan die BBC gesê dat Mundubile by 'n "Internasionale Humanitêre Waghond" geskuil het uit vrees dat hy in hegtenis geneem kan word. **N**

# ChatGPT vir tieners



*Marelize Maré*

OpenAI het 'n nuwe weergawe van ChatGPT bekendgestel wat spesifiek vir tieners tussen 13 en 17 jaar ontwerp is, met strenger veiligheidsmaatreëls.

Die sogenaamde "ChatGPT for Teens" beperk onder meer gesprekke oor selfskade, geweld, eetversteurings en seksuele inhoud.

Dit sluit ook meer gereelde pouses, stil ure en 'n studiemodus in wat tieners deur middel van vrae help om antwoorde self te verstaan.

Ouers kan hul kinders se rekeninge koppel en waarskuwings ontvang wanneer gesprekke oor hoërisiko-onderwerpe voorkom.

Menslike moderators hersien dié waarskuwings.

Die nuwe funksie kom te midde van toenemende regs- en regulatoriese druk op OpenAI ná verskeie regsgedinge oor die beweerde rol van ChatGPT in selfdoodgevalle onder jong gebruikers. **N**



# Versteekte skat in België ontdek





*Redaksie*

Konstruksiewerkers in België het tydens opknappingswerk aan 'n gebou in Dendermonde op 'n goudskat ter waarde van sowat 'n R168 miljoen afgekom.

Die skat, wat glo sowat €9 miljoen euro werd is, het ongeveer 50 goudstawe en groot hoeveelhede goue munte ingesluit wat in die keldermure versteek was.

'n 18-jarige student wat vakansiewerk gedoen het, was deel van die span wat op die vonds afgekom het.

Die konstruksiespan was besig om nuwe pype vir riolering te lê toe hulle op die skat afkom. Die polisie het die publiek gewaarsku om nie na nog versteekte skatte by die gebou te gaan soek nie, aangesien die perseel reeds omgekeer is weens soektogte en dat die vonds intussen van die perseel verwyder is.

Die ontdekking het tot 'n debat gelei oor wie aanspraak op die skat kan maak en sommige wat reken dat die konstruksiewerkers sowel as die liefdadigheidsorganisasie aan wie die gebou behoort daarop kan aanspraak maak. **N**






# Veranderende winde werp nuwe lig op klimaatsverandering



Walter Ernst

Navorsers aan die Universiteit van Pretoria se Departement Plant- en Grondwetenskappe het bevind dat windpatrone 'n deurslaggewende, dog dikwels miskende, rol in klimaatsverandering speel.


Deur ekologie met gevorderde ingenieursmodellering op die stormagtige Marion-eiland te kombineer, het die navorsingspan bevind dat veranderende lugstrome 'n direkte impak op plaaslike plantegroei, saadverspreiding en die oorlewing van seevoëls soos die albatros het.



Marion-eiland lê tussen die 40°- en 50°-breedtegrade, wat bekend is as die "Roaring Forties" omdat dit een van die winderigste omgewings ter wêreld is.

Turbulensie rondom broeiplekke bemoeilik ook voëls se vlugvermoë en verhoog moontlik die sterftesyfers.

Die navorsers het begin deur windmeterstasies regoor Marion-eiland te installeer, met toerusting en veldspanne wat vriespunttemperature en stormsterk winde moes verduur.



Volgens professor Peter le Roux van die Departement Plant- en Grondwetenskappe wys die data dat stygende temperature en reënval nie die volle prentjie van aardverwarming skets nie.

"Temperatuur en reënval is fundamenteel vir die begrip van klimaatsverandering, maar dit dek nie die hele klimaatstelsel nie," sê Le Roux.

Le Roux waarsku dat veranderende windstelsels kwesbare spesies vinnig tot hul uiterste limiete kan dryf.

"Ons werk op Marion-eiland toon dat wind ekologiese patrone op 'n merkwaardig fyn skaal kan beïnvloed. Aangesien veranderende klimaatstoestande 'n verskuiwing in windpatrone teweegbring, moet die potensiële impak op organismes wat reeds op die grens van hul fisiologiese verdraagsaamheid funksioneer, deeglik ondersoek word."

Ten spyte van die eiland se sterk winde, het die navorsing getoon dat die lae groei van sy sub-Antarktiese plantegroei oor die algemeen saad wat deur die wind versprei word, tot relatief kort afstande beperk.



"Klimaatvooruitsigte moet ons uiteindelik iets vertel oor die toestande wat organismes werklik ervaar," sê Le Roux. "Hierdie studie beklemtoon die potensiaal wat ontsluit word wanneer ekoloë en ingenieurs dieselfde omgewingskwessie vanuit verskillende vakgebiede benader. Geen van die dissiplines kon hierdie prentjie op sy eie voortbring nie."




# Dit is weer kuiertyd op Kaapschehoop by die Innibos Boekenaweek

Die vierde Innibos Boekenaweek word vanjaar van 28-30 Augustus op Kaapschehoop aangebied en naweekgangers kan 'n stewige aanbod niefiksie oor aktuele kwessies verwag.

Fiksie bly egter nie agter nie en die Karoo se melktertbakker en aweregse speurder tannie Maria bring haar skrywer, Sally Andrew, eindelik Laeveld toe met die nuutste misterie wat opgelos word in *Wild things never die*.

Die ATKV lei die naweek reeds op Donderdag 27 Augustus in met 'n poësiewerkwinkel vir volwassenes. Dit word aangebied deur Tom Dreyer en Jennifer Pape en kan bespreek word by Ronel Grundlingh by ronelg@atkv.org.za. Dit kos R300 pp en sluit 'n ligte middagete in.

Op Vrydagoggend 28 Augustus skop die boekprogram om 9:30 af in die kapel langs die Nagkantoor Kuierkroeg. Die ganse Vrydagprogram word gewy aan niefiksie, met opspraakwekkende boeke soos *Zama Zama: Inside the illicit mining underworld* deur Graham Coetzee en die eerste bekendstelling van Chris Marnewick, SC, se *Oscar Pistorius: The BIG Lie and the right to a fair trial*. In dié boek neem Marnewick verskeie leemtes in die hofprosedures van die Pistorius-saak onder die loep. Joernalis Jana van der Merwe, wat volledig verslag gedoen het oor die hofsaak, sal die gesprek lei.

Diegene wat dr. Pieter Mulder se lekker gesels oor sy boek *Parlementpraatjies* tydens Innibos vanjaar misgeloop het, het weer 'n kans en dié keer bring hy skyfies saam om sy stories toe te lig. Geskiedenis is oudjoernalis Albé Grobbelaar se kos. RSG-luisteraars ken reeds *Historiese almanak: Onthou jy nog?* en kan lekker kom saamgesels. Op versoek van Mpumalanga Erfenis word Carel van der Merwe se boek *Kansvatter* oor die eksentrieke Ben Viljoen se vreemde lewensverloop weer in die kollig geplaas in 'n gesprek tussen Van der Merwe en Marius Bakkes.

Sally Andrew is Saterdagoggend om 10:00 eerste aan die beurt om meer te verklap oor tannie Maria se nuutste speuravontuur, en ook oor hoe dié minlike karakter tot 'n internasionale film gelei het.

Debbie Loots (*Die vrou met nege lewens*) en Carel van der Merwe (*Die Serwiër*) gesels albei met Susan Booyens oor hul uiteenlopende boeke, terwyl Jean Cooper (*Waar die teerpad ophou*) kom vertel oor sy lang motorfietsreis deur Afrika ... en na binne.

Dit is "Vatso!" wanneer digters woord en wederwoord met mekaar deel in 'n gesprek oor en voorlesing van hul gedigte. Kom luister na die spitsvondige drietal: Hertzogpryswenner Tom Dreyer (*Brief op veertigduisend voet*), Jennifer Pape (*waar eens 'n see was*) en Muller Minnaar (*Die langste jaar ooit*).

Ná al die luister en kuiers kan diegene wat die berglug wil geniet Sondagoggend om 10:00 saam met Annemarie van der Walt gaan stap. Om 15:30-17:00 bied Mia en Hancu Louw van die Kaapschehoop Klein Camino 'n kort en kragtige fotografiekursus aan oor hoe om beter foto's met jou selfoon te neem. 'n Goeie manier om die naweek in die goue ure af te sluit.

Kaartjies is binnekort te koop op TicketPro. Andersins by die deur (slegs kaarttransaksies). **N**















# Versekeringsmakelaar of direkte versekeraar: Wat is die werklike verskil?

Wanneer jy motor- en huisversekering kies, is die goedkoopste premie nie noodwendig die belangrikste deel van die besluit nie. Die werklike vraag is wat gebeur wanneer jou omstandighede verander, wanneer jy onseker is oor 'n polisvoorwaarde of bybetaling of wanneer jy ná 'n voorval hulp nodig het.

Wanneer jy direk by 'n versekeraar aansluit, bestuur jy gewoonlik die proses self. Jy kies uit daardie maatskappy se produkte en hanteer jou eis direk met die versekeraar. Vir iemand wat gemaklik is om polisvoorwaardes, bybetalings en uitsluitings self te beoordeel, kan dit 'n gepaste opsie wees.

'n Ervare versekeringsmakelaar bied egter 'n ander soort verhouding. By IntegriSure begin die gesprek by jou lewe, nie by 'n standaardproduk nie. Ons kyk na jou motor, jou huis, jou waardevolle besittings en die unieke risiko's waaraan jy en jou gesin blootgestel is. Ons stel daarna 'n toepaslike opsie voor en verduidelik die beskerming en polisvoorwaardes in verstaanbare taal.

Dit gaan ook oor die waarde wat jy ontvang. Afhangend van die toepaslike produk en polisbepalings, kan IntegriSure-kliënte voordele ontvang, soos 5% meer by 'n totale voertuigverlies, 'n langer motorhuurtydperk, ondersteuning met sekuriteitswagte ná 'n voorval, beskerming teen kragstuwing en 'n hoër bedrag vir sleutels, slotte en afstandbeheerders.

Die grootste verskil tussen 'n versekeringsmakelaar en 'n direkte versekeraar word dikwels eers tydens 'n eis gevoel. In plaas daarvan om alleen deur die proses te werk, het jy by IntegriSure iemand wat die volgende stap verduidelik, die eis namens jou by die versekeraar registreer en met die versekeraar skakel wanneer daar vrae of onsekerheid ontstaan.

Vra jouself dus: Wil ek net 'n polis hê of wil ek iemand aan my kant hê wanneer dit regtig saak maak?

Vra 'n persoonlike motor- en huisversekeringskwotasie aan by forms.integrisure.co.za/pretoriafm. Alternatiewelik kan jy die sleutelwoord, Pretoria FM per WhatsApp na 0860 055 055 stuur óf IntegriSure direk by dieselfde nommer skakel. **N**

**IntegriSure is 'n gemagtigde finansiële diensverskaffer, lisensienommer 14595.*



# Solidariteit se gholfdag vir 2026: Jy kan steeds betrokke raak!




*Deur Leré Nel*

Die vierballe en putjies is vol bespreek en die gholfstokke is afgestof vir die Solidariteit Regsnetwerk en Solidariteit Finansiesnetwerk se jaarlikse gholfdag wat vanjaar op **15 September 2026** aangebied word. Hoewel daar nie meer plek vir spelers op die baan is om deel te neem nie, is daar steeds volop geleentheid om deel te wees van dié besondere dag en 'n verskil in die lewe van 'n behoeftige student te maak.

Vanjaar se gholfdag word by Wingate Park Country Club aangebied en het, soos vorige jare, 'n belangrike doel: om fondse in te samel vir 'n studiefonds wat behoeftige Afrikaanse studente in die regs- en finansiesstudietigting met hul studie ondersteun.

Die fonds, wat deur die Solidariteit Regsnetwerk, Solidariteit Finansies-netwerk en die Solidariteit Helpende Hand Studietrust bestuur word, ondersteun tans drie regstudente en een finansiesstudent met hul studie.

Emil Glas, organiseerder van die Solidariteit Regsnetwerk, sê hy is baie dankbaar vir al die ondersteuning tot dusver. "Ons wil egter ondernemings en individue uitnooi om hulle ondersteuning selfs verder te neem," sê Glas.

**Nóg geleenthede om betrokke te raak**

Hoewel daar nie meer vierballe of putjies beskikbaar is nie, kan ondernemings steeds pryse vir die spelers op die dag borg. Dit bied ondernemings die geleentheid om vanjaar reeds die regs- en finansiële beroepslui van môre te ondersteun, die onderneming bloot te stel om raakgesien te word en terselfdertyd 'n verhouding met die Regs- en Finansiesnetwerke te bou met die oog op toekomstige gholfdae.

Die dag beloof heelwat opwinding – Mobi-G bied aan een gelukkige speler die geleentheid om met 'n gelukskoot 'n gholfkarretjie ter waarde van R200 000 te wen, terwyl verskeie ander pryse ook op die spel sal wees.

Kruger Internasionaal tree vanjaar weer as hoofborg van die gholfdag op.

**Meer as net 'n dag op die gholfbaan**

Die waarde van hierdie gholfdag strek veel verder as 'n gewone paar putjies en 'n kuiersessie op die gholfbaan. Elke ekstra bydrae help om die studiefonds verder te versterk en meer ondersteuning aan behoeftige regs- en finansiesstudente te bied.

Daarom word ondernemings en individue wat nie meer deur 'n vierbal of putjieborgskap kan deelneem nie, aangemoedig om steeds tot die fonds by te dra, hetsy deur 'n verdere borgskap of deur 'n donasie. Bydraes geniet 'n artikel 18A-voordeel, aangesien die studiefondse as 'n Openbare Weldaadsorganisasie (OWO) geklassifiseer word.

"Die gholfbaan mag dalk reeds vol wees, maar die geleentheid om 'n jongmens se pad na 'n loopbaan in die regs- of finansiële wêreld te help oopmaak, is nog lank nie vol bespreek nie," sê Glas.

**Wil jou onderneming 'n prys borg of op 'n ander manier tot die studiefonds bydra?**

Klik **hier** om uit te vind hoe jy kan bydra, en kontak gerus die Solidariteit Regsnetwerk by **regslui@solidariteit.co.za** om betrokke te raak by vanjaar se fondsinsameling.



Pretoria FM

# 25% afslag

## op Nuusweek-regskennisgewings

Om jou regskennisgewings te adverteer, stuur nou 'n e-pos na adverteer@pretoriafm.co.za

Jou regskennisgewings word in Pretoria FM se e-publikasie, Nuusweek, asook op ons webblad gepubliseer

Om toegang tot die regskennisgewings te verkry besoek www.nuusweek.co.za

**Nuusweek**

**Regskennisgewings**

Bepalings en voorwaardes geld.

Hier kry lesers die geleentheid om hulle sê te sê oor van die warmste onderwerpe van die afgelope week.

# Lesers se beurt



Die afgelope week het die voormalige minister, Naledi Pandor, tydens ’n onderhoud die uitbreiding van Akademia as ’n kommerwekkende ontwikkeling en ’n gevaar vir die demokrasie bestempel.
Hier is wat lesers daaroor te sê gehad het:

**Dries Naudé**

Naledi Pandor sal net gelukkig wees as almal in die land, wit en swart, in Engels onderrig word.

**Lodewyk Coetzee**

Daar word heeltemal te veel aandag gegee aan Pandor se praatjies. Ignoreer die ding.

**Alida Cruywagen**

Antie Pandora kry te veel nuusdekking ... Sy floreer daarop!

**Kleintjie Havenga**

Miskien is sy ongelukkig omdat daar nie eers ’n tender uitgegaan het vir die bou van die kampus nie.



*Naledi Pandor*

**Celia Fourie**

Julle moet Naledi Pandor verskoon. Sy is nie gewoond daaraan dat daar mense is wat hand in eie boesem steek om ’n toekoms vir hulle kinders te verseker nie.

**Joggie du Randt**

Het ons nie nou al genoeg van haar mening gehoor nie? Hou aan bou. Gaan net aan. Sy gaan in ieder geval geen invloed op die sukses van die kampus hê nie.

**Ansie Fourie**

Sy moet ons land verlaat en Iran of Indië toe gaan.

**Loutjie de Beer**

Miskien moet Flip Buys haar en die res van die ANC nooi vir ’n toer van die kampus sodat hulle kan sien wat kan gedoen word.

**Ons wil graag van jou hoor.**
**Stuur gerus jou kommentaar of briewe van nie langer as 200 woorde na nuusweek@pretoriafm.co.za.**



# Waarom die GOP nog in November kan wen

INTERNASIONALE PERSPEKTIEF

Jaco Kleynhans

Net meer as tien weke voor die middeltermynverkiesing in die VSA dui byna alles daarop dat die Republikeinse Party (in die volksmond beter bekend as die GOP – 'Grand Old Party') 'n ernstige nederlaag gaan lei met die kanse wat toeneem dat die Demokrate beheer oor die senaat en die huis van verteenwoordigers kan kry. Die afgelope week was die Demokrate in byna elke nasionale peiling met 6% tot 7% voor en in deelstate waar die Republikeine behoort te wen, soos Noord-Carolina, Alaska, Georgia en selfs Texas, loop die Demokrate se senaatskandidate in byna elke peiling voor.

Soos wat skole regoor die VSA begin heropen na die lang somervakansie en mense na hulle werkplekke terugkeer, begin die verkiesingsveldtogte van duisende kandidate spoed te vang. Soos wat Amerikaners meer op die verkiesing begin fokus, bestaan daar 'n wesenlike risiko dat die Republikeine, soos wat byna altyd die geval is met die party wat die Withuis beheer, in November se middeltermynverkiesing setels kan verloor. Om die situasie te vererger het oliepryse die afgelope twee weke verder gestyg, lyk dit tans of daar nie enige einde in sig is met die oorlog in Iran nie en is 'n meerderheid Amerikaners ontevrede met president Donald Trump se hantering van die Amerikaanse ekonomie – wat ook die belangrikste kwessie in November se verkiesing gaan wees.

Oor die afgelope paar jaar het die verdelingslyne in die VSA verdiep. Ook die skeiding tussen stedelike en plattelandse gebiede het groter geraak en so ook tussen Republikeinse en Demokratiesgesinde deelstate. Daarmee saam neem die kanse vir groot verkiesingsoorwinnings ook af.

Oor die afgelope 32 jaar was daar vier werklike grondverskuiwingsverkiesings waar een party 'n reuse-oorwinning oor die ander behaal het. In 1994 het die Demokrate (tydens Bill Clinton se eerste termyn) 54 setels in die huis van verteenwoordigers en agt in die senaat verloor. In 2006 het Republikeine onder George W. Bush 30 setels in die huis van verteenwoordigers en ses in die Senaat verloor. In 2010 onder Barack Obama het Demokrate 63 setels in die huis van verteenwoordigers en ses in die senaat verloor en in 2018 het Republikeine (in die middel van Trump se eerste termyn) 42 setels in die huis van verteenwoordigers verloor, maar twee in die senaat bygewen.

Die afgelope paar jaar het 'n paar belangrike dinge egter gebeur wat 'n herhaling van reuse-oorwinnings, veral soos in 2006, 2010 en 2018, byna onmoontlik maak. Daar was eerstens 'n wesenlike politieke herskikking. Wit werkersklas-kiesers het byna heeltemal na die Republikeinse Party onder leiding van Trump oorgeskuif.

Die Demokrate se steun is toenemend gekonsentreer in digbevolkte stede en deelstate aan die kus, terwyl die Republikeine se kiesers meer verspreid is. Die verdeling is breedweg dat die Republikeine redelik maklik in 26 tot 27 van die deelstate wen, terwyl die Demokrate in 23 tot 24 state wen. In 2024 het Trump egter 31 van die 50 state gewen, maar Michigan, Nevada, Pennsilvanië, Wisconsin, Arizona, Georgia en Noord-Carolina bly state waar die Demokrate kan wen.

Dit beteken egter dat die Republikeine 'n ingeboude voordeel het. Elke deelstaat het twee senatore – Wyoming met sy minder as 600 000 burgers en ook Kalifornië met sy byna 40 miljoen inwoners. Omdat die Republikeine wen in meer state as die Demokrate het die party 'n ingeboude voordeel om die senaat makliker as die huis van verteenwoordigers te behou.

Die huis van verteenwoordigers se 435 setels is tot 'n groot mate volgens bevolking ingedeel met die gemiddelde inwonertal van 761 000 Amerikaners per distrik. Dit beteken dat 'n nasionale stempersentasie baie meer relevant is vir die uitkoms in die huis van verteenwoordigers as die senaat. Wat egter die afgelope paar jaar gebeur het, is dat distrikte se grense in talle deelstate so getrek is (die Amerikaners noem dit 'gerrymandering') dat een party bo 'n ander bevoordeel word. Omdat die wetgewers in deelstate meestal die grense bepaal, het state soos Texas en Florida onlangs hulle distrikte se grense verander dat daar baie min distrikte oorbly waar Demokrate kan wen. Die omgekeerde is die geval in plekke soos Illinois en Kalifornië waar die Republikeine setels weens nuwe grense gaan verloor. Die Republikeine beheer egter baie meer wetgewers as die Demokrate en die netto uitkoms van nuwe grense is dat daar vanjaar heelwat meer distrikte in die huis van verteenwoordigers is as twee jaar gelede en baie meer as agt jaar gelede (voor die vorige herindeling) waar 'n redelike meerderheid van kiesers Republikeinsgesind is.

Die geografiese verspreiding van kiesers (senaat) en nuwe grense van distrikte (huis van verteenwoordigers) tel dus tot voordeel van die Republikeine. Anders as in die afgelope paar verkiesings het die Republikeine ook vanjaar meer geld as die Demokrate. Dit lyk of Trump self honderde miljoene dollars uit sy verkiesingsbeursie van 2024 kan spandeer.

Nog 'n rede waarom die GOP nog lank nie as die verloorders in November afgemaak moet word nie, is die verskuiwing na links in die Demokratiese Party. Die afgelope Dinsdag is Angie Nixon byvoorbeeld in Florida as die Demokrate se kandidaat vir die senaat aangewys. Sy is 'n redelik ekstremistiese sosialis en sluit aan by Abdul el-Sayed wat die Demokrate se radikaallinkse senaatskandidaat in Michigan is. Vir baie kiesers is talle van hierdie radikale kandidate net te links.

Die laaste rede waarom die GOP steeds kan wen of minstens verliese kan beperk is die ekonomie. Hoewel oliepryse hoog is, inflasie steeds te hoog bly – hoewel dit daal – en daar te min werksgeleenthede geskep word, is die Amerikaanse ekonomie steeds baie gesond. Die gemiddelde inkomste in die VSA styg steeds. Dalk kom daar tog binne die volgende week of drie 'n uitkoms in die Midde-Ooste en begin oliepryse weer daal. Dalk wys die Amerikaanse ekonomie oor die volgende tien weke meer kante van sy veerkragtigheid. Dit is egter alles groot 'maars'.

Daarom as 'n uitslag vandag voorspel moet word sou 'n mens waarskynlik verwag dat die Demokrate beheer oor die huis van verteenwoordigers en die senaat met elk 'n piepklein meerderheid op 3 November sal neem. Tyd raak min vir Trump en sy party om dit te verhoed, maar daar is genoeg rede om te glo dat dit steeds moontlik is. Die afgelope 10 jaar het Trump immers bewys dat hy 'n politieke kat met baie lewens is. **N**

**Kleynhans is hoof van openbare skakeling by Solidariteit.*

# Die 20/80-mite van Suid-Afrika se boere

BOER TOT BORD

Bennie van Zyl

Daar is ’n stelling wat deesdae al hoe meer gehoor word: 20% van Suid-Afrika se boere produseer 80% van die voedsel. Dit klink indrukwekkend, eenvoudig en statisties oortuigend. Maar juis daarom moet ’n mens vra: Is dit werklik ’n akkurate beskrywing van Suid-Afrikaanse landbou?

Die antwoord is waarskynlik nee.

Die probleem met die 20/80-stelling is dat dit ’n uiters komplekse landboubedryf tot een eenvoudige verhouding reduseer. Dit skep boonop die indruk dat 80% van die boere se bydrae gering of selfs onbelangrik is. Dit is nie hoe voedselproduksie werk nie.


Volgens die jongste volledige Sensus van Kommersiële Landbou van Statistieke Suid-Afrika was daar in 2017 altesaam 40 122 kommersiële boerdery-eenhede in die land. Hulle was nie almal op dieselfde wyse of op dieselfde produkte ingestel nie. Ongeveer 33,9% was hoofsaaklik veeboerderye, 31,1% gemengde boerderye en 21,3% akkerbou-eenhede.

Dit vertel ’n belangrike verhaal: Suid-Afrikaanse landbou is ’n netwerk van produksie, nie ’n enkele groep groot produsente nie.

Wanneer ’n mens deur die land ry, sien jy dit letterlik voor jou. Plaas ná plaas is daar beeste, skape, mielies, sonneblomme, koring, suikerriet, sitrus, sagtevrugte, groente, neute en talle ander produkte. Elke streek het sy eie klimaat, grond, water en spesialisasie. Wat op een plaas geproduseer word, verskil van wat op die volgende plaas geproduseer word, maar saam vorm dit Suid-Afrika se voedselmandjie.

Neem graan as voorbeeld. Stats SA toon dat veldgewasse geografies minder gekonsentreerd is as sommige ander landbouprodukte. Tog is daar belangrike produksiegebiede: die Welkom-distrik in die Vrystaat het byvoorbeeld in 2017 ongeveer 21% van Suid-Afrika se mielies gelewer. Die Oos-Vrystaat het weer bykans ’n kwart van die land se sonneblomsaad gelewer.

Dieselfde beginsel geld vir vee en tuinbou. Een gebied kan ’n groot deel van ’n bepaalde produk lewer, terwyl talle ander produsente elders ander produkte lewer. Om dus bloot ’n persentasie boere teenoor ’n persentasie produksie te plaas, sê min oor die werklike waarde van elke skakel in die voedselstelsel.




Daar is wel ’n belangrike waarheid agter die 20/80-argument: Groter kommersiële ondernemings lewer ’n baie groot deel van die landbou se totale waarde. Stats SA se 2024-landbousyfers toon dat groot ondernemings 65,8% van die totale inkomste van die landbou- en verwante dienstebedryf verteenwoordig het. Maar klein ondernemings het steeds 19,8%, medium ondernemings 8,6% en mikro-ondernemings 5,8% bygedra.

Dit is ’n veel meer genuanseerde prentjie as “20% van die boere produseer 80% van die kos”.

Nog belangriker: Inkomste is nie dieselfde as voedselproduksie nie. ’n Hoëwaarde-uitvoerproduk kan ’n groot inkomste genereer, terwyl ’n ander produsent ’n produk lewer wat ’n kleiner finansiële waarde het, maar tog noodsaaklik vir die plaaslike voedselmandjie is.

Die eintlike vraag is daarom nie watter 20% van die boere 80% van die voedsel produseer nie, maar dit is hoe belangrik elke produsent vir die volhoubaarheid en veerkragtigheid van Suid-Afrika se voedselstelsel is.

Dit is ’n vraag wat ons anders na landbou laat kyk.

Voedselsekerheid beteken nie bloot dat daar vandag genoeg kos in die winkels is nie. Dit beteken dat Suid-Afrika oor die produksievermoë moet beskik om ook môre en oormôre genoeg voedsel te produseer. Dit vereis grond, water, kennis, infrastruktuur, kapitaal, markte en, bowenal, produsente wat bereid en in staat is om te bly boer.

Die kommersiële boer is daarom nie bloot ’n produsent van ’n sekere hoeveelheid voedsel nie. Hy is deel van ’n stelsel wat werk omdat duisende produsente oor die hele land versprei is.

Die mees gepaste argument gaan dus nie oor hoeveel boere 80% van die voedsel produseer nie, maar oor hoeveel van ons boere ons kan verloor voordat Suid-Afrika se voedselstelsel begin kraak.

Want die plaas langs die pad is nie bloot nog ’n plaas nie. Dit is nog ’n produsent, nog ’n werkgewer, nog ’n mark vir insetverskaffers, nog ’n bydrae tot die plaaslike ekonomie en nog ’n skakel in die ketting wat uiteindelik kos op die verbruiker se tafel plaas.

Suid-Afrika se voedselsekerheid is nie die prestasie van 20% van sy boere nie. Dit is die gesamentlike prestasie van ’n hele landbougemeenskap; groot en klein, in elke provinsie, in elke produksiegebied en in elke vertakking van die bedryf.

Dit is die verhaal wat ons behoort te vertel; dit is inderdaad die verhaal wat verseker dat ons kan praat van boer na bord. **N**

**van Zyl is die hoofbestuurder van TLU SA*

# Die volk se jong heldin

PRETORIA HISTORIA
Riana Mulder

*Uittreksel met aanpassings uit Deur dik en dun – lekker kos en stories uit ou Pretoria deur Riana Mulder*

Na die Anglo-Boereoorlog het Suid-Afrika 'n paar dekades van groot teenspoed en verdeeldheid beleef op politieke, sosiale en ekonomiese gebied. Baie mense het in die oorlog alles verloor en moes weer van voor af begin om 'n bestaan te probeer maak. Droogtes, die Runderpes, die Eerste Wêreldoorlog, die Groot Griep en 'n wêreldwye depressie het alles nog moeiliker gemaak, en boonop het mense verdeelde lojaliteite gehad.

Daar was diegene wat met die Engelse wou saamwerk en die verlede wou probeer agterlaat, en ander vir wie die wonde van die oorlog nog té rou was.

In 1938 word die Simboliese Ossewatrek gereël ter herdenking van die Groot Trek, hoofsaaklik in 'n poging om weer 'n gees van eensgesindheid en patriotisme te bewerkstellig. Dit was bo verwagting suksesvol: Orals langs die pad is die waens met enorme entoesiasme begroet en mense het weer met trots tradisionele drag gedra, volkspele gespeel, monumente gebou en met heimwee onthou van die swaarkry en deursettingsvermoë van hulle voorouers. Die na-oorlogse verslaentheid het plek gemaak vir 'n nuwe nasietrots en hoop vir 'n beter toekoms.

Die hoogtepunt van die gebeure was die hoeksteenlegging van die Voortrekkermonument in Pretoria op 16 Desember 1938. Duisende mense het die seremonie bygewoon.

In die jaar daarna kom die Reddingsdaadbond en die Ossewabrandwag spontaan tot stand, en die Voortrekkerbeweging word gestig om ook die Afrikanerjeug te betrek. Die Ossewabrandwag was op daardie stadium slegs 'n kultuurorganisasie, maar met die oog op die gespanne toestand in Europa, ook uit die staanspoor geskoei op die beginsels van eenheid, gereedheid en dissipline.

Die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog in September 1939 het gelei tot verdere verdeeldheid onder Afrikaners. Die regering het van alle burgers verwag om saam met Engeland en die Geallieerde Magte tot die oorlog teen Duitsland toe te tree, maar vir 'n groot aantal Afrikaners was die Anglo-Boereoorlog en die Rebellie van 1914 nog té vars in die geheue. Dit was vir hulle heeltemal onaanvaarbaar om saam met die vyand, van slegs 'n kort tydjie gelede, die wapens op te neem teen 'n land wat Afrikaners in die Suid-Afrikaanse oorlog goedgesind was.




*Elsa Nel word onthou in 'n uitgawe van die Dankie (die Bond van Oud-Geïnterneerdes en politieke gevangenes se nuusbrief).*

Die Ossewabrandwag, met sy goed gevestigde kommunikasiestrukture, was die ideale organisasie om die leiding in hierdie nuwe versetbeweging te neem. Ondersteuners het botweg geweier om teen Duitsland te gaan veg, en het ook diegene wat wel gegaan het, met minagting behandel. Dit het landwyd gelei tot voorvalle van geweld en onrus.

'n Meer militante afdeling van die Ossewabrandwag, die Stormjaers, het ontstaan en treinspore, kragstasies ens. is veral in die Transvaal gesaboteer. Die Unieregering het ferm teen hierdie aksies opgetree en lede van die Ossewabrandwag en die Stormjaers is in interneringskampe opgesluit. 'n Paar van die voorbokke is ook tot tronkstraf gevonnis.

In Pretoria was die jong Elsabie (Elsa) Nel nog op skool, maar baie bewus van alles wat om haar aangegaan het. Haar ouers was getroue ondersteuners van die Ossewabrandwag, en sy was ook verlief op 'n jongman wat dieselfde gevoel het. In daardie tyd is daar in die geheim verblyf gereël vir mense wat gesoek is deur die regering, en Elsa is deur die owerhede daarvan verdink dat sy geweet het waar twee van hierdie manne versteek was. Sy is toe in hegtenis geneem en aangekla, maar het geweier om te praat.

Die nuus het vinnig versprei, en op die dag wat sy vir die laaste keer in die hof moes verskyn, was die hele plek vol Afrikanervroue met vierkleurstrikkies op die bors. Onder groot protes is sy gevonnis tot 8 dae in die tronk (sy was egter net van 13 tot 16 Desember 1940 opgesluit).

Hierdie optrede van die owerhede het 'n groot reaksie uitgelok. Elke oggend was daar 'n skare ondersteuners wat luidkeels in die straat onder haar selvenster oggendgodsdiens gehou het, die Afrikaanse media het 'n bohaai gemaak en binne 'n paar dae was die 17-jarige Elsa 'n simbool van die versetbeweging, en die heldin van die volk.

Toevallig was die datum waarop sy weer vrygelaat is, die 16de Desember 1940. Buite die tronk het duisende vroue haar ingewag, en sy is in 'n juigende en triomfantelike optog deur die stad begelei tot by die Wonderboom, waar die leier van die Ossewabrandwag, dr. Hans van Rensburg, die oggend die spreker was by die sogenaamde Dingaansfeesvieringe.

Elsa was die enigste vrou wat tydens die hele Ossewabrandwag-vervolging in die tronk was. Sy was haar lewe lank lojaal aan die organisasie en het dikwels hulle dinees en ander funksies bygewoon. Sy skryf in die heel laaste uitgawe van die Dankie (die Bond van Oud-Geïnterneerdes en politieke gevangenes se nuusbrief) die volgende:

"Hoewel ek destyds selfs as 'n heldin bestempel is, wil ek dit asseblief benadruk dat ek myself nog nooit as 'n heldin gesien het nie, maar eerder as 'n deur-die-Hoërhand-begenadigde om in daardie veelbewoë tyd vir ander as 'n voorbeeld te kon dien om vas te staan en nie mede-Afrikaners te verraai nie. Ek kan alleen my Skepper daarvoor dank. Myns insiens is die eintlike heldinne veel eerder die vroue wat onder veel moeiliker omstandighede as ek aangehou is, en dié wat vir soveel jare alleen die fort moes hou terwyl die broodwinners sonder verhoor in kampe of tronke aangehou is. Ons sal altyd besieling vind uit hulle onoorwinlike gees." **N**

*Mulder is die redakteur van Pretoria Historia wat gelees kan word by www.pretoriahistoria.com*



# Die Boekeblad

met
Graffiti Boeke

# Nuut op die rak




## *Net na die storm*

**– An-Mari do Carmo**

**R190, Lapa Uitgewers**

Drie graadneges is op pad KwaZulu-Natal toe vir 'n wetenskap-ekspo. Chloe, Mbali en Dante ken mekaar nie regtig so goed nie, maar hierdie reis gaan alles verander ... Die ekspo skop af te midde van swaar reën, en halfpad deur die oggend kom die waarskuwing om die area te ontruim weens dreigende vloede en oorstromings.

Meneer Theron probeer haastig om die kinders veilig te kry, maar dan word die bus deur 'n vloed meegevoer en hulle moet veg vir hulle lewens.


Meneer Theron help hulle om uit die rivier te kom, maar verdrink in die proses, en juffrou Siboto is self ernstig beseer. Hulle kry vir die aand skuiling in 'n stappershuisie in die bos, maar voor hulle verder kan stap, word hulle deur die water vasgekeer. Met net 'n paar blikkies kos, ernstige beserings en geen werkende selfone nie, moet hulle probeer oorleef tot redding kom ... ás dit kom. 'n Naelbyt-oorlewingsavontuur wat tieners op die punt van hul stoel gaan hou!

Bestel dit aanlyn by
www.graffitibooks.co.za

## *Uit die Beek 2027*

**– Stephan Joubert**

**R280, Lux Verbi**




Hy dra ons altyd. Elke dag.

*Uit die Beek* bied al generasies lank geestelike leiding en inspirasie vir gelowiges. Hierdie jaar is ons tweede jaar in die reis van vier jaar wat ons deur die Bybel lees.

In hierdie uitgawe lees ons uit Eksodus, die Psalms, Spreuke, Rigters, Job, Amos en Jeremia. In die Nuwe Testament lees ons uit Matteus, Hebreërs, Efesiërs, Jakobus, 2 Korintiërs en Filemon.

Soos gewoonlik word die belangrikste seisoene van die kerkjaar in ag geneem met 'n spesiale boodskap vir Lydenstyd, Paasfees, Pinkster, Koninkrykstyd, Advent en Kersfees.


Mag jy, liewe leser, vanjaar opnuut hoor dat jy aan Jesus Christus behoort, dat die Here by jou is, dat sy genade vir jou genoeg is en dat Hy jou dra

Bestel dit aanlyn by
www.graffitibooks.co.za

## *'n Saak van liefde of dood*

**– Owen Salmon, vertaal deur Frederik de Jager**

**R285**




Peter Truman is 'n geliefde gesinsman en leidende figuur in die Kaapse regsgemeenskap, 'n man alom geloof en bewonder. Nou moet hy binne enkele dae getuig in die geregtelike ondersoek na die geheimsinnige dood van sy gesin se au pair.

Die verhaal van *'n Saak van liefde of dood* word deur twee lense vertel, een in die hede en die ander terugskouend. Dit peil die kragtige, duister demone uit Peter se verlede wat hy gedwing word om die stryd aan te sê onderweg na sy grootste persoonlike oorwinning.

Bestel dit aanlyn by
www.graffitibooks.co.za

## TOPVERKOPERS

**Hier is die week se topverkopers:**

10 ***'n Ierse knoop*** – Elsa Winckler
9 ***Uit die Beek 2027*** – Stephan Joubert
8 ***'n Knippie moord*** – Elsa Winckler
7 ***Pompeii*** – Bets Smith
6 ***Historiese Almanak*** – Albé Grobbelaar
5 ***Bethulie*** – Rensche van der Walt
4 ***Rebekka van Kameeldoornplaas*** – Irma Joubert
3 ***Grensloos*** – Wilna Adriaanse
2 ***Van man tot man*** – Olive Schreiner
1 ***Jagspinnekop*** – Erla Diedericks

## *Wen al drie die boeke!*



**'n Gelukkige leser het die kans om hierdie boeke te wen.**

Al wat jy hoef te doen om vir die prys in aanmerking te kom, is om die volgende vraag te beantwoord:

***Wie het Uit die Beek 2027 geskryf?***

Whatsapp jou antwoord saam met jou **naam** en volledige adres na **072 386 5997**. **Inskrywings sluit Maandag 3 Augustus 2026.**

Die wenner sal lukraak gekies word en in volgende week se *Nuusweek* aangekondig word.

Die pryswenner se boeke sal deur Graffiti versend word en alle navrae moet direk aan Graffiti gerig word by info@graffitibooks.co.za

**Wenner van 10 Aug 2026 se boekekompetisie is: Lynette Gouws – Benoni**

**Al hierdie boeke sowel as ander nuwe vrystellings en topverkopers is nou beskikbaar by**

**www.graffitiboeke.co.za**

**teen 10% afslag.**

# Aan wie leen jy jou ore uit

7VOOR7

Tinkie M Kotzé-van Zyl,
(Uit Vroue van die Woord)

Lukas 10:42: Maria het die beste deel gekies, en dit sal nie van haar weggeneem word nie.

Nuus, sirenes, alarms, blaffende honde, advertensieklingels, duisende stemme …

Mense hou van geraas. Die meeste mense vermy stilte. Mense laat toe dat hul gedagtes gevul word met ander se opinies, hulle vul hul energiespasies met aanhoudende musiek.

Maria gaan sit by Jesus se voete met haar kop naby sy mond sodat sy kan hoor wat Hy sê. Al die mense om haar wat praat en eet en kos bedien, versteur haar nie. Sy sit by Jesus om na Hom te luister. Dit is vir die meeste van ons 'n kuns om God se stem te hoor – veral in die harwar van ons lewe. Dit is amper asof ons verslaaf raak aan geraasbesoedeling om weg te kruip vir die paadjies van ons eie gedagtes.

Daarom is alles wat kan praat en musiek maak in ons huise aan … en ons woorde en dade word tweedehands, die eggo's van ander se denke en opinies. Dit laat ons moeg en oorweldig. Ons herken nie meer ons eie stem nie, laat staan nog die Here se stem. Ons agendas dra uiteindelik ander se belange, meer as dit waarvoor ons oorspronklik geroep is.

Jesus vat die probleem vas met een woord. KIES. Kies jou lawaai, kies die stemme wat jy wil hoor. Maar kies bo alles eers om God se stem te hoor. Gaan sit by Hom. Laat sy woorde jou vul. Laat Hy jou gees kom aanraak en jou verstand met kennis en wysheid kom oortuig. Hoor God se stem.

As jy goed wil wees in wat jy sê, doen en dink, kies die beste – Maria het. Sy het Jesus se woorde gekies – dit haar eie gemaak en uiteindelik daarvolgens gelewe. **N**



## #vrydagfeite

Die Krankzinnigengesticht was die eerste psigiatriese instelling in die Zuid-Afrikaansche Republiek.

Dié instelling het sy deure in 1892 in Pretoria geopen en sy naam is later na die Weskoppies-psigiatriese hospitaal verander.

Weskoppies is op die gronde van die ou Botaniese Tuin ontwikkel en die koppies waarteen die geboue opgerig is, het aan hom sy nuwe naam verleen.

Die hoofgeboue van die Weskoppies-psigiatriese hospitaal is in 1981 'n Provinsiale Erfenisterrein verklaar.



*[Foto: facebook @ South African Postcards]*

Dis in 1907 onder toesighouding van Piercy Eagle en die Transvaalse Departement van Infrastruktuur ontwerp en gebou.

Kenners van argitekgeskiedenis meen Weskoppies se ontwerp kon deur die Kirkbride Plan – 'n ontwerpplan vir inrigtings vir geestesversteurdes in die VSA – geïnspireer wees, hoewel daar ook ooreenkomste met die High Royds-hospitaal in Yorkshire, Engeland is.

Die geboue word deur binnehowe en lang gange verbind vir ventilasie en natuurlike lug in dele waar pasiënte beweeg.

Die saal en kapel in die hoofgebou is argitektoniese hoogtepunte.

Die hospitaal word tans deur die Universiteit van Pretoria en die Sefako Makgatho-universiteit vir Mediese Wetenskappe as opleidingshospitaal gebruik.**N**



## VANDAG IN DIE VERLEDE

Albe Grobbelaar

'n Interessante geskiedenisbrokkie word aan 21 Augustus 1655 gekoppel. Jan van Riebeeck, in daardie stadium pas drie jaar in die Kaap, se base by die Nederlandse Oos-Indiese Kompanjie, laat weet op hierdie dag vir Van Riebeeck dat hy moet afsien van sy planne om met grootskeepse walvisjag te begin, omdat hulle meen dat dit nie winsgewend gaan wees nie. "Jy moet jou uitgawes in die Kaap tot 'n minimum beperk," het hulle hom laat weet.

Van Suid-Afrika na Amerika: Hawaii het vandag in 1959 die 50ste deelstaat van die VSA geword. En as 'n mens aan Hawaii dink, dink 'n mens aan branderplankryers: Die Suid-Afrikaans gebore professionele branderplankryer en voormalige wêreldkampioen, Shaun Tomson, is op 21 Augustus 1955 gebore. Tomson, wat in Durban gebore is, word as een van die top-10-branderplankryers van die 20ste eeu beskou.

Ten slotte, nog 'n paar geboortedae: Die legendariese Amerikaanse jazzmusikant, orkesleier, komponis en pianis Count Basie is op 21 Augustus 1904 in New Jersey gebore. Sanger en akteur Kenny Rogers, wat onder andere daardie pragtige liedjie *Islands in the Stream* saam met Dolly Parton opgeneem het, het vandag in 1938 in die wêreld gekom. En dan vier die skoonheidskoningin en joernalis Margaret Gardiner vandag haar 67ste verjaarsdag. **N**



*Shaun Tomson*



*Count Basie*

# GrandParade (JSE - GPL)

Die daaglikse lyngrafiek het betrekking.




**Agtergrond**

**Grand Parade** is 'n beleggingsmaatskappy wat beleggings verkieslik in die vermaaklikheid- en voedselsegmente doen. Hulle besit onder andere 'n aandeel in SPUR.

**Kernbevinding**

Die moontlike dalendewigformasie (moontlik positief) maak die beleggers sku. Wat is 'n dalende wig? 'n Dalende wig is 'n tegniese patroon wat vorm wanneer die prys mettertyd afwaarts beweeg, maar die tempo van die daling raak al hoe stadiger, sodat die twee tendenslyne van bo en onder na mekaar toe begin beweeg. Dit beteken dat die mark nog laer hoogtepunte en laer laagtepunte maak, maar elke nuwe laagtepunt is minder aggressief as die vorige een. Hierdie saamdruk van prysbewegings wys dat verkopers se krag besig is om stoom te verloor, terwyl kopers stadig meer momentum opbou. Wanneer die prys uiteindelik bo die boonste weerstandslyn uitbreek, word dit gewoonlik gesien as 'n positiewe sein dat die afwaartse beweging sy einde bereik het en dat 'n moontlike ommekeer na 'n opwaartse tendens kan begin.

Die stogastiese indikator is oor-verkoop – dit kan dalk die voorloper wees van 'n moontlike herstellopie.

Bo lyn A (R1,87) kan die formasie na bo in spel kom, en dalk mettertyd die teiken jaag van R2,42.

Die 50 dag bewegende gemiddelde (R1-97) is een van die beste mediumtermyn sentimentsmeters. Onder die gemiddelde is beleggers huiwerig om te koop en bo die gemiddelde is beleggers optimisties oor die vooruitsigte.

Onder R1,66 kan die aandeel steeds verder daal en teikens jaag van: R1,64; R163; R1,61; R1,58; R1,57 en R1,54 is nie 'n onmoontlike teiken nie.

Ignoreer die aandeel onder R1,66.

Vir spekulante – koop of gaan lank bo lyn A (R1,87), slegs indien u glo dat bogenoemde tegniese beskrywing presies soos bespreek en uitgewys op die grafiek sal uitwerk, maar gebruik R1,67 as keerverlies om kapitaal te beskerm. Die moontlike teikens na bo is R1,90; R1,93; R1,97; R2,00; R2,19; R2,24; R2,36; R2,42; R2,50; R2,60; R2,73; R2,77; R2,80; R2,84; R2,88; R2,91; R2,95; R2,98; R3,00; R3,07; R315; R3,20; R324; R3,34; R3,40; R3,48 en R3,55.

Vir medium- tot langtermynbeleggers – doen dieselfde as die spekulante, maar gebruik dieselfde keerverlies as deurgegee aan spekulante. Die 50-dag- bewegende gemiddeld (rooi lyn – R1,97) is 'n goeie sentimentsbarometer vir beleggers – onder die gemiddeld is beleggers sku vir die aandeel en bo die lyn is hulle positief.

**Belangrike vlakke om dop te hou**

Indien die aandeel kopers lok bo lyn A, kan die aandeel dalk beweeg na: R1,90; R1,93; R1,97; R2,00; R2,19; R2,24; R2,36; R2,42; R2,50; R2,60; R2,73; R2,77; R2,80; R2,84; R2,88; R2,91; R2,95; R2,98; R3,00; R3,07; R315; R3,20; R324; R3,34; R3,40; R3,48 en R3,55.

**Opsomming**

Koop of gaan lank bo R1,87, maar gebruik R1,67 as keerverlies om kapitaal te beskerm.

**Gevolgtrekking**

Optimisme is aan die opbou, maar nog nie bevestig nie, maar bo lyn A kan ons nuwe momentum na bo verwag.

**Vrywaring**

Opinies rondom markte loop met bepaalde markrisiko's. Raadpleeg u beleggings-adviseur voordat u beleggingsbesluite neem. Hierdie tegniese opinie is die tegniese ontleder se eie opinie en moet geensins geag word as finansiële advies nie.

*Nuusweek* en Pretoria FM aanvaar geen verantwoordelikheid vir enige uitkoms wat voortspruit uit hierdie inligting nie.

**Frans de Klerk**
*Onafhanklike tegniese ontleder*
*verbonde aan*
*fransdeklerk.com*
*Tel: 082 900 9996*



Klik op poste vir meer info

Bekom vandag nog jou droompos op www.solidariteit.co.za. Met meer as 700 poste beskikbaar per dag, is hierdie jou eenstopplatform vir werk – in Afrikaans!

## Administrasie

**SENIOR MACHINE REBUILD TECHNICIAN** (Manitou & JLG)- TRG 2383 (Pretoria)- The Recruitment Guy | Pretoria|Sluitingsdatum: 23/08/2026

**Ontvangspersoon** - BVSA Konsult (Pty) Ltd | Grabouw | Sluitingsdatum: 27/08/2026

## Ambag

**TRG 2400 (LP - Mokopane) Field Service & Workshop Technicians** - The Recruitment Guy | Limpopo|Sluitingsdatum: 24/08/2026

**Field Service & Workshop Technicians** - TRG 2400 (EC- Gqeberha)- The Recruitment Guy|Gqeberha|Sluitingsdatum: 24/08/2026

**Millwright Poste in Nederland** - Emporium. Human Capital | Randburg|Sluitingsdatum: 28/08/2026

**Diesel Mechanic Poste in Nederland** - Emporium. Human Capital | Cape Town| Sluitingsdatum: 28/08/2026

## Au Pair

**AU PAIR** - ABC AU PAIRS | Pretoria| Sluitingsdatum: 28/08/2026

## Bestuursposte

**Operational Support : General Manager TRG 2382** (Gauteng)- The Recruitment Guy|Gauteng|Sluitingsdatum: 23/08/2026

**Workshop Manager** (Capital Equipment & Material Handling)- TRG 2379 (Witbank - eMalahleni)- The Recruitment Guy | eMalahleni| Sluitingsdatum: 24/08/2026

**Group Transport Manager** (Capital Equipment)- TRG 2381 (Johannesburg) - The Recruitment Guy | Johannesburg| Sluitingsdatum: 24/08/2026

**Estate Manager** - JM VENTER PROPERTY SERVICES CC |Die Hoewes, Centurion|Sluitingsdatum: 25/08/2026

## Finansies

**Rekenmeester** - The Recruitment People | Centurion | Sluitingsdatum: 23/08/2026

**Senior Debtors Clerk** - Cintocare (Pty) Ltd | Menlyn| Sluitingsdatum: 25/08/2026

**Site Accountant** - The Recruitment People | Westonaria | Sluitingsdatum: 27/08/2026

**Senior finansiële klerk** - BVSA Konsult (Pty) Ltd | Worcester | Sluitingsdatum: 28/08/2026

**SAP-Rekenmeester** - The Recruitment People | Heidelberg | Sluitingsdatum: 28/08/2026

## Internskappe

**Junior Educational Systems & Data Assistant** - Corne – Solopreneur|Somerset West, Cape Town|Sluitingsdatum: 22/08/2026

## IT

**Agri-Tech Ontwikelaar** - Die Groene Oase|Vredendal|Sluitingsdatum: 22/08/2026

## Kleinhandel/Winkelpersoneel

**Toonbank Assistent** - Lekker SPYS | Monument Park | Sluitingsdatum: 28/08/2026

## Onderwys

**Elektriese Lektor** - Bo-Karoo Opleiding|Orania|Sluitingsdatum: 23/08/2026

## Regslui

**Kandidaatprokureur** - KWV Ing | Val-De-Grace, Pretoria |Sluitingsdatum: 28/08/2026

## Toesighouers

**Maintenance Supervisor** - JM VENTER PROPERTY SERVICES CC | Centurion| Sluitingsdatum: 25/08/2026

## Verkope

**Area Sales Consultant** (Rental Hire)- TRG 2377 (Witbank-eMalahleni)- The Recruitment Guy | eMalahleni|Sluitingsdatum: 24/08/2026

**Forklift Sales Specialist** - TRG 2380 (East Rand)- The Recruitment Guy | Johannesburg| Sluitingsdatum: 24/08/2026

**Telesales and Administration** - Treats Food Distributors |Monument Park |Sluitingsdatum: 28/08/2026



Sportberigte saamgestel deur Liezil van der Schyff

# Rassie kyk hier,
## die antwoord is (op) Papier

Die Blou Bulle Maatskappy het Woensdagaand sy jaarlikse toekenningsaand in Silver Lakes, Pretoria gehou om uitnemende individuele en spanprestasies gedurende die 2025- en 2025/26-seisoen te vereer. Die toekennings betoon eer op alle vlakke van die unie, van die Vodacom Bulls se junior spanne tot die senior spanne, wat die Carling Curriebeker-span, die Isuzu Bulls Daisies en die Bulls se spanne wat aan die Vodacom Verenigde Rugbykampioenskap (VRK) sowel as die Investec Kampioenebeker deelgeneem het.

Embrose Papier was een van die groot wenners en het met die Spelers se Speler van die Jaar en Senior Speler van die Jaar-toekennings weggestap. Papier het ook 'n spesiale toekenning van Vodacom ontvang nadat hy 'n indrukwekkende ses Vodacom VRK Speler van die Wedstryd-toekennings gedurende die seisoen verower het. Dit is die meeste toekennings wat nog in 'n enkele seisoen aan een speler toegeken is.

JJ Theron het sy vordering deur die unie bewys deur as Voorspeler van die Jaar op albei die o. 21- en o. 23-vlak aangewys te word. Jeandré Rudolph is ook vir 'n uitstekende seisoen bekroon met die Speler van die Jaar-toekenning in die Carling Curriebeker-reeks en as Voorspeler van die Jaar in die Investec Kampioenebeker-kompetisie.

Vainah Ubisi van die Isuzu Bulls Daisies het ook met twee toekennings weggestap vir die Drie van die Jaar en Voorspeler van die Jaar, terwyl Camelitha Malone die Polsslag van die Span- en Spelers se Speler van die Jaar-toekennings ontvang het.

Dié toekennings beklemtoon 'n suksesvolle seisoen vir die Vodacom Bulls, met sterk vertonings en prestasies oor verskeie kompetisies en ouderdomsgroepe heen.

**VODACOM BULLS o. 19's**
- Voorspeler van die Jaar: *Heinrich Theron*
- Agterspeler van die Jaar: *Pieter van der Merwe*
- Speler van die Jaar: *Kebotile Maake*

**VODACOM BULLS o. 21's**
- Voorspeler van die Jaar: *JJ Theron*
- Agterspeler van die Jaar: *Demitre Erasmus*
- Speler van die Jaar: *Cephas van Biljon*

**VODACOM BULLS o. 23's**
- Voorspeler van die Jaar: *JJ Theron*
- Agterspeler van die Jaar: *Neil le Roux*




*Embrose Papier*

**CARLING CURRIEBEKER**
- Voorspeler van die Jaar: *Junior Pokomela*
- Agterspeler van die Jaar: *Zak Burger*
- Speler van die Jaar: *Jeandré Rudolph*

**ISUZU BULLS DAISIES**
- Drie van die Jaar (SSG): *Vainah Ubisi*
- Polsslag van die Span: *Camelitha Malone*
- Agterspeler van die Jaar (Puma): *Thobile Msizazwe*
- Voorspeler van die Jaar (Isuzu): *Vainah Ubisi*
- Speler van die Jaar (Isuzu): *Chuma Qawe*
- Spelers se Speler van die Jaar (GP Consult): *Camelitha Malone*
- Isuzu Bulls Daisies Waardevolste Speler (Isuzu): *Yonela Ngxingolo*

**INVESTEC KAMPIOENEBEKER 2025/26**
- Agterspeler van die Jaar (Puma): *Sebastian de Klerk*
- Voorspeler van die Jaar (Isuzu): *Jeandré Rudolph*

**VODACOM VERENIGDE RUGBYKAMPIOENSKAP 2025/26**
- Agterspeler van die Jaar (Vodacom): *Harold Vorster*
- Voorspeler van die Jaar (Vodacom): *Johan Grobbelaar*

**VODACOM BULLS**
- Nuweling van die Jaar (RAM): *Cheswill Jooste*
- Spanspeler van die Jaar (Richelieu): *Marco van Staden*
- Spelers se Speler van die Jaar (Luno): *Embrose Papier*
- Senior Speler van die Jaar (Vodacom): *Embrose Papier*

# SUID-AFRIKAANSE SPORTTOEKENNINGS-BENOEMINGS

**Sport-administrateur** van die Jaar

Jono Leaf-Wright (krieket)

Sonja Schultz (fietsry)

Anthony Moruthane (tennis)

**Rekreasie-liggaam** van die Jaar

Khokho Association South Africa

Swartland Community Sport Centre

Durban Africa Sports Club

**Sport-vrywilliger** van die Jaar

Moenyane Modikwe (rolskaats)

Nqobile Kunene (landelike perdewedrenne)

Puleng Moeketsane (mini-krieket)

**Jeug/Junior Sportster** van die Jaar

Prudence Sekgodiso (atletiek)

Siseko Teyisi (boks)

Bayanda Walaza (atletiek)

**Junior Sportspan** van die Jaar

Springbokke-mans o. 20 (rugby)

Suid-Afrika o. 19 (Toutrek)

Protea-vroue o. 20 (krieket)

**Visuele Sportjoernalis** van die Jaar

Hlobisile Khumalo

Alché Greeff

Skhu Nkomphela

**Sportjoernalis** van die Jaar

Palesa Manaleng

Rachel Makhura

Vuyo Macoba

**Tegniese Beampte** van die Jaar

Ernesta Strydom (parasport)

Abongile Tom (sokker)

Aimee Barrett-Theron (rugby)

**Nasionale Federasie** van die Jaar

Gholf RSA

Tennis Suid-Afrika

Krieket Suid-Afrika

**Sportspan** van die Jaar

Eisenhower-trofeespan (Gholf)

Proteas-manstoetsspan (Krieket)

4 x 400 m-mansaflosspan (atletiek)

**Afrigter** van die Jaar

Rocco Meiring (swem)

Shukri Conrad (krieket)

Thabo Matebedi (atletiek)

**Sportvrou met 'n gestremdheid** van die Jaar

Kgothatso Montjane (tennis)

Sheryl James (atletiek)

Simoné Kruger (atletiek)

**Sportman met 'n gestremdheid** van die Jaar

Christian Sadie (swem)

Mpumelelo Mhlongo (atletiek)

Puseletso Mabote (parasport)

**Sportvrou** van die Jaar

Laura Wolvaardt (krieket)

Kira Bester (kanovaart)

Prudence Sekgodiso (atletiek)

**Sportman** van die Jaar

Christiaan Maas (gholf)

Pieter Coetzee (swem)

Kevin Lerena (boks)

**Sportster** van die Jaar

Temba Bavuma (krieket)

Akani Simbine (atletiek)

Malcolm Marx (rugby)

## Krieket voor in die koor by toekenningsgeleentheid

Die 19de Suid-Afrikaanse Sporttoekenningsaand wat deur die Departement van Sport, Kuns en Kultuur aangebied word, vind op Sondag 23 Augustus by die Sun City Superbowl, in die Noordwes plaas.

Vanjaar se toekennings bestaan uit 19 kategorieë, met die gesogte Sportster van die Jaar-toekenning as die hoofprys. Temba Bavuma (krieket), Akani Simbine (atletiek) en Malcolm Marx (rugby) sal die hoofaanspraakmakers hierop wees. Prestasies van individue, spanne en administrateurs gedurende die tydperk 1 Januarie tot 31 Desember 2025 sal vir die toekennings beoordeel word.

Suid-Afrikaanse krieket het altesaam sewe nominasies vanjaar ontvang, wat uitnemendheid oor verskeie vlakke van die sport erken.



# ROLBALDAG

## TEN BATE VAN WOLLIES EN WETNOSE

**Datum: 7 Oktober 2026**
**Plek: Wingate Park Country Club**

*Skryf jou span vandag in!*

## Span van 4 spelers
## R4 000 per span
## Kos vir die dag ingesluit

Verwag hope vermaak, groot pret, lekker pryse en 'n onvergeetlike dag saam met vriende, kollegas en Pretoria FM-luisteraars.

Elke inskrywing help om die belangrike werk van Wollies en Wetnose te ondersteun en 'n verskil te maak.

Luisteraars word uitgenooi om hul spanne nou in te skryf!

WETNOSE
Animal Rescue Centre

Wollies
Animal Shelter NPC

Vir meer inligting, stuur 'n e-pos na
adverteer@pretoriafm.co.za

FM Pretoria
hoop, glo, lééf in Afrikaans

# Bulls hou steeds houtlepel in CB-reeks

Die afgelope naweek het weer opwindende Carling Curriebeker-aksie opgelewer tydens die vyfde rondte van vanjaar se reeks, met spanne wat vir 'n plek in vanjaar se halfeindrondte meeding. Die verdedigende kampioen, Suzuki Griekwas, het hul plek as die gunstelinge bevestig, terwyl die Toyota Cheetahs, Airlink Pumas en Sanlam Boland Kavaliers belangrike oorwinnings behaal het.

Die Sanlam Boland Kavaliers het Vrydagaand in Johannesburg van 'n 17-0-agterstand teruggeveg om die Fidelity ADT Lions met 38-29 te klop. Later die aand in Kimberley het die Suzuki Griekwas die grootste oorwinning van die rondte behaal toe hulle die Hollywoodbets Sharks XV met 55-21 verslaan het.

Saterdagmiddag in Mbombela het die Airlink Pumas hul uitspeelkanse aan die lewe gehou met 'n 29-7-bonuspuntoorwinning oor die DHL Stormers, nadat hulle teen rustyd met 15-0 voorgeloop het.

Tydens 'n skouspelagtige vertoning Sondag op Loftus Versfeld waar die Toyota Cheetahs en die Vodacom Bulls slaags was, was dit behoorlik 'n drieëfees, met 17 drieë wat tydens die kragmeting gedruk is. Die Bloemfonteiners het nege daarvan



gedruk en met 62-52 oor die Pretorianers geseëvier. Die besoekers het teen rustyd met 47-17 voorgeloop, waarna die Bulls met 'n sterk terugvegpoging vorendag gekom het, maar uiteindelik tog die knie moes buig.

Met twee rondtes in vanjaar se seisoen oor, het die Griekwas en die Cheetahs albei 21 punte, met die poubloues bo-aan die punteleer weens 'n beter punteverskil. Die Pumas is derde met 17 punte en Boland vierde met 16, terwyl die Lions (13), Stormers (11), Sharks (10) en Bulls (4) die res van die punteleer voltooi.

## Curriebeker-bepalings:

**Vrydag 21 Augustus**

15:00 Airlink Pumas teen Suzuki Griekwas

17:05 Vodacom Bulls teen DHL Stormers

19:15 Hollywoodbets Sharks XV teen Fidelity ADT Lions

**Sondag 23 Augustus**

15:00 Toyota Cheetahs XV teen Sanlam Boland Kavaliers

# Wêreldrekordpoging vir motorfietsryer ná ernstige ongeluk

Die tweemalige Dakar-tydrenkampioen, Sam Sunderland, sal volgende maand 'n poging aanwend om 'n nuwe wêreldrekord op te stel vir die persoon wat die vinnigste met 'n motorfiets om die aardbol kan ry.

Sunderland moes verlede jaar sy poging laat vaar, nadat hy sy rug tydens 'n oefensessie gebreek het.

Met die ondersteuning van Red Bull en Triumph Motorfietse, beplan hy om met 'n Tiger 1200 Rally Explorer uit Engeland vertrek.

Ondanks twee Dakar-oorwinnings, meen Sunderland dat hy self sy grootste struikelblok kan wees. Hy het aan die publikasie MCN gesê dat hierdie uitdaging nie met die Dakar vergelyk kan word nie. "By Dakar is jy elke dag vol adrenalien; daar is ander deelnemers, jy ry nie op paaie nie en moet self navigeer. Hier is dit




*Sam Sunderland*

'n enorme taak sonder die adrenalien of direkte mededinging. Dis net ek alleen op die motorfiets."

Die huidige rekord van 19 dae, agt uur en 25 minute, wat in 2002 opgestel is en deur die Guinness Book of World Records erken word, is opgeteken teen die name van 'n Britse egpaar, Kevin en Julia Sanders.

Aangesien Guinness nie meer wêreldrekordpogings erken wat hoë gemiddelde snelhede op openbare paaie behels nie, sal Sunderland en sy span probeer om aan dieselfde maatstawwe te voldoen wat destyds vir die Sanders-egpaar gegeld het.

Daarvoor moet hy nagenoeg 29 000 km oor vyf vastelande aflê, in een rigting om die aardbol beweeg, op dieselfde plek begin en eindig en twee antipodale punte (plekke wat diametraal teenoor mekaar op die aarde se oppervlak lê) aandoen. Dit kom neer op 'n gemiddeld van ongeveer 1 700 km per dag, vir 19 dae aaneen.

Sunderland, wat fiks verklaar is ná maande van rehabilitasie en oefening na die ongeluk waarin hy sy rug gebreek het, sê hy hoop dié poging sal mense aanspoor om hulself uit te daag en bewonderenswaardige avonture aan te pak.

# Varsity Netbal-seisoen skop af




Die NWU Arende is slaggereed om hul Varsity Netbal-titel te verdedig nadat hulle verlede jaar die UV Kovsies met 57-49 in die eindstryd geklop het. Dit was die Arende se derde Varsity-titel en hul eerste sedert 2016.

Die afrigter, Elsunet du Plessis, sê die span se fokus is nie bloot op titelverdediging nie, maar op voortdurende verbetering. Die Arende spog vanjaar met 'n kombinasie van ervaring en nuwe talent, met ongeveer die helfte van die groep wat nuut is tot die Varsity Netbal-omgewing.

Intussen maak die Sentrale Universiteit vir Tegnologie (SUT) vanjaar geskiedenis wanneer die Bloemfonteinse instelling hul Varsity Netbal-debuut maak. Dié deelname bied aan 'n nuwe generasie SUT-spelers die geleentheid om hulself teen van die land se sterkste universiteitspanne te meet.

Die vyfmalige kampioen en 2025-naaswenners, die UV Kovsies, sal ook sterk wil begin in hul poging om vanjaar hul sesde Varsity Netbal-titel te verower. Die Kovsies sal daarop fokus om ná verlede jaar se eindstrydnederlaag weer bo uit te kom.

Vanjaar se toernooi begin op Sondag 23 Augustus, met kragmetings wat elke week oor twee dae sal plaasvind, en duur tot 28 September.

Die eerste twee dae se kragmetings sal by die Coetzenburg Binnenshuise Sentrum in Stellenbosch beslis word.

Met die verdedigende kampioen, 'n nuwe deelnemer en 'n voormalige kampioen wat na nog 'n titel mik, beloof Varsity Netbal 2026 om 'n mededingende toernooi te wees.

**Bepalings vir rondte 1:**

**Sondag 23 Augustus:**

**13:00** UJ teen Maties
**15:00** Madibaz teen NWU Arende
**17:00** SUT teen Wits
**19:00** UP-Tuks teen UV Kovsies

**Maandag 24 Augustus:**

**13:00** Wits teen Madibaz
**15:00** SUT teen UJ
**17:00** NWU Arende teen UP-Tuks
**19:00** UV Kovsies teen Maties



# 100ste Bok-toets vir De Allende

Die Springbokke se binnesenter, Damian de Allende, sal môre geskiedenis maak wanneer hy in sy 100ste toets vir die Springbokke in die openingswedstryd van die eerste Castle Double Malt Rugby's Greatest Rivalry (RGR)-reeks teen die All Blacks in Johannesburg uitdraf. Hy word slegs die 10de speler in Springbok-geskiedenis om hierdie mylpaal te bereik.

Die samestelling van die Springbokspan vir dié kragmeting toon kontinuïteit ná die oorwinning van 17-10 oor Argentinië op 8 Augustus. Eben Etzebeth en Sacha Feinberg-Mngomezulu behou hul plekke in die beginspan, terwyl spelers soos Jan-Hendrik Wessels, Marco van Staden, Cobus Wiese, Gerhard Steenekamp, Zachary Porthen, Andre Esterhuizen en Cobus Reinach op die plaasvervangerbank ingesluit is.

Pieter-Steph du Toit, wat self in sy 99ste toets speel, sal die span tydens die wedstryd op die 10bet Ellispark lei. Ox Nché maak sy terugkeer ná 'n kniebesering, terwyl Etzebeth sy rekord as die speler met die meeste Springboktoetse verder uitbrei na 143 toetse.

Die Bokbreier, dr. Rassie Erasmus, het nie vir Siya Kolisi vir hierdie wedstryd gekies nie en het verduidelik dat Paul de Villiers die geleentheid kry om sy eerste toets teen Nieu-Seeland te speel, terwyl Kolisi se terugkeer versigtig bestuur word.

Erasmus verwag 'n uiters strawwe wedstryd teen 'n sterk All Blacks-span en sê die Springbokke sal van die begin af akkuraat en gedissiplineerd moet wees. Die Bokke het vyf van hul laaste ses wedstryde teen Nieu-Seeland gewen, insluitend die 2023 Wêreldbeker-eindstryd.

Die besoekende All Blacks sal môre op hul wenmomentum wil voortbou nadat hulle verlede naweek met 50-19 oor die Vodacom Bulls op Loftus Versveld geseëvier het. Die Nieu-Seelanders sal na afloop van hierdie naweek se kragmeting op 25 Augustus teen die Lions op 10bet Ellispark in die laaste wedstryd teen 'n provinsiale span in die RGR-reeks te staan kom.

Intussen, is daar ook vandeesweek 'n unieke nuwe trofee onthul wat die besondere band tussen die Springbokke en All Blacks simboliseer.



Die trofee bestaan uit afsonderlike helftes, een vir Suid-Afrika en een vir Nieu-Seeland, wat deur versteekte magnete na mekaar getrek word. Dié ontwerp beklemtoon hoe die twee rugbykulture elk hul eie identiteit en geskiedenis het, maar terselfdertyd aan mekaar verbind is deur een van rugby se grootste wedywerings.

Die trofee is amptelik in Johannesburg onthul deur die kapteins van die 1996-reeks, voormalige Springbok-kaptein Gary Teichmann en All Blacks-kaptein Sean Fitzpatrick.

Die wenner van die viertoetsreeks sal op 12 September albei helftes van die trofee as 'n geheel ontvang ná die laaste toets in Baltimore in die VSA. Indien die reeks gelykop eindig, sal elke land een helfte behou.

Die Suid-Afrikaanse helfte bevat kunswerk deur Bonolo Chepape, terwyl die Nieu-Seelandse helfte deur Kereama Taepa ontwerp is en deur 'n Māori-skeppingsverhaal geïnspireer is.

Die basis bestaan ook uit twee helftes: swart Pakohe-klip uit Nieu-Seeland en groen verdiet uit Suid-Afrika.



Hierdie indrukwekkende trofee is 65 cm hoog, met elke helfte wat 7 kg weeg en die basis wat 9,5 kg weeg. Die ontwikkeling en vervaardiging het ongeveer een jaar geduur.

Die kragmeting tussen die Springbokke en die All Blacks skop môre om 17:10 af.

**Springbokspan teen Nieu-Seeland:**
1 Ox Nché,
2 Malcolm Marx,
3 Wilco Louw,
4 Eben Etzebeth,
5 Ruan Nortjé,
6 Paul de Villiers,
7 Pieter-Steph du Toit (K),
8 Jasper Wiese,
9 Grant Williams,
10 Sacha Feinberg-Mngomezulu,
11 Kurt-Lee Arendse,
12 Damian de Allende,
13 Jesse Kriel,
14 Cheslin Kolbe,
15 Damian Willemse

**Plaasvervangers:**
16 Jan-Hendrik Wessels,
17 Gerhard Steenekamp,
18 Zachary Porthen,
19 Cobus Wiese,
20 André Esterhuizen,
21 Marco van Staden,
22 Cobus Reinach en
23 Manie Libbok